

Donderdag 18 November

Skrifgedeelte: Jesaja 43:9-28

Fokusgedeelte: Jesaja 43:10-12
(1953-vertaling)

Wees 'n getuie vir die Verlosser!

Die volk van die Here was in 'n ellendige toestand in Babel. Verslaan en ontmoedig. Hulle het gesondig teen die Here en hulle wou dit nie erken nie. Die Here los egter nie sy uitverkore volk in hierdie depressiewe toestand nie. Hy bring aan hulle 'n groot boodskap van troos. Hierdie boodskap sou aan die volk definitiewe hoop op die toekoms gee. Hy kom wys hulle dat Hy iets nuuts gaan doen. Hy gaan sy volk red uit die mag van die Babiloniërs soos Hy ook tydens die unieke gebeurtenis sy volk uit Egipte gered het. As volk van die Here het hulle 'n besondere verhouding met Hom gehad. Hulle roeping was om sy getuies te wees. Hulle moes getuig dat Hy alleen God is, geen ander. Dat Hy alleen Verlosser is, geen ander nie. Hierdie moes hulle getuienis wees teenoor al die nasies. Hulle gode kan nie red nie. Net die God van Israel.

Al die verlossingsdade van die Ou Testament was 'n heenwysing en 'n voorbereiding vir die grootste daad van verlossing in die geskiedenis van die mensdom. Dit was toe God sy Gesalfde, Jesus Christus, gestuur het om ons te verlos van ons sondeskuld en van die duiwel se heerskappy (HK Sondag 1). As uitverkorenes het ons die wonderlike voorreg en verantwoordelikheid om sy getuies te wees. Die Woord maak dit duidelik: Jesus alleen kan red en jy moet hiervan getuig. Getuig deur die evangelie suiwer met mense te deel. Jy mag nie stilbly nie. Jy mag nie hierdie goeie nuus vir jouself hou nie. Getuig ook deur jou lewe, sodat mense kan sien hoe iemand leef wat deur Jesus verlos is.

Sing: Skrifberyming 6-1:2 (Sb. 11:2)

Ds. R Janse van Rensburg (Reghard) (Delmas)